VOORSITTERSVERSLAG

R DU TOIT, Triomf Kunsmis (Edms) Bpk

Dit was weer eens 'n volle, bedrywige, lonende jaar vir ons Vereniging, moontlik gemaak deur die belang van die lede en die ywer van die staf. Dit is onmoontlik om alle werksaspekte in detail toe te lig en ek sal my bepaal by die hoogtepunte sonder dat ek wil afbreuk doen aan die waarde van of erkenning vir die voortgaande roetinesake.

Ons hoofwerksaamhede het behels voortsetting van die navorsingsaspek met betrekking tot fundamentele riglyne vir N P K-benutting, ons uitbreidingsprogram vir grasbemesting en vleisproduksie, die bevordering van breë misstofpraktyke, en administratiewe en skakelingswerk.

Ons navorsingswerk is voortgesit binne die hoofdoel: "'n Doelgerigte poging om elke grond/klimaat-sisteem ten volle te eksploiteer wat produksie en bemesting betref binne die benadering van 'optimale en ekonomiese volgehoue produksie' van die Departement van Landbou-tegniese Dienste".

Mielieverbouing het nog 'n hoë prioriteit in hierdie program maar dieselfde werk is uitgebrei na sonneblom en bloubuffelgras. Dit is gedoen met 'n tweeledige doel: eerstens sal soortgelyk aan mielies, N P K-riglyne bepaal word, tweedens en gelyktydig daarmee, word die betrokke gewasse ekonomies met mekaar en met mielies op verskillende grondseries, elk by sy eie optimum bemesting, vergelyk. Derhalwe word N P K-proewe met sonneblom, bloubuffelgras en mielies langs mekaar op elke betrokke proefterrein uitgelê.

Ons veldproewe het nou toegeneem van 20 in 1970/71 tot 66 in die afgelope jaar.

Die kennis wat ons opgedoen het word uitgedra in ons navorsingsverslae, publikasies, wetenskaplike, semi-wetenskaplike en populêre artikels. Dit is verblydend om die aanvraag na hierdie publikasies te sien vanaf belanghebbende instansies en die steeds uitbreidende bekendheid wat hierdie werk verwerf.

Dit verbly my om aan u te rapporteer dat die grasbemesting- en vleisproduksieprogram besonder goed vorder. Soos u weet, dek hierdie program radikale veldverbetering in aansluiting met bemesting, en die vestiging en benutting van *Eragrostis curvula* weidings, *Cenchrus ciliaris* weidings en gras en peulgewas gemengde weidings. Die loodsprojekte is versprei dwarsdeur die land in Natal, Oos-, Wes- en Noord-Transvaal, OVS en Oos- en Noord-Kaap.

Projekte word uitgevoer deur lidmaatskappye, deur die Misstofvereniging, en ondersteunend aan projekte soos dié van die Departement van Landbou-tegniese Dienste.

Ons waardeer ten seerste die uitstekende skakeling met die Vleisraad en die Vleishandel, asook dié met die streke van Die Departement van Landbou-tegniese Dienste, wat ons nog graag sou wou uitbrei.

Misstofpraktyk-bevordering word nog steeds voortgesit deur middel van ons publikasies, waaronder tel die MVSA Joernaal, Plantvoedselnuus, Bemestinghandleidings, artikels vir die landboupers en kleurskyfiereekse.

Hierdie jaar het ons verder ook agt Misstofvereniging Boeredae gehad, etlike studentedae, amptelike proefbesoeke asook voorligting en demonstrasies van grondvrugbaarheid in die Bantoetuislande.

Soos u bewus is, en soos herhaaldelik beklemtoon, soek die MVSA skakeling met alle belanghebbende instansies, sowel departementeel as in die privaatsektor. Ons voel dat groot vordering bereik is deur die verhouding tussen die Vereniging en die Departement van Landbou-tegniese Dienste deur die versiende besluit van die Sekretaris van Landbou-tegniese Dienste om 'n skakelkomitee daar te stel op die hoogste vlak. Hierdie komitee bestaan uit die Senior Adjunksekretaris (tegnies) en die Hoofdirekteure van Akkerbou en Weiding asook Veeteelt en Suiwel. Die Vereniging word verteenwoordig deur die Voorsitter, Onder-voorsitter en Direkteur.

Sover in sy vroeë bestaan het die komitee hom hoofsaaklik toegespits op die prosedure van skakeling en erkenning tussen die privaat en die owerheidsektor maar ons vertrou dat wanneer hierdie uitgestryk is ons ons ook kan toespits op die uitbouing van koöperatiewe aksieprogramme.

Die Misstofvereniging het alreeds verteenwoordigers op die Mielie- en Graan-Adviesraad en ons verstaan dat die Vereniging se benoeming eersdaags op die Kleingraan-, Aartappel- asook Katoen- en Veselgewasse-Advieskomitees oorweeg word. Die Vereniging stel hom ten doel om op al hierdie komitees 'n daadwerklike bydrae te maak.

Aan die administratiewe kant het ons voortgegaan om sekretariële dienste aan die Verenigings van Diereproduksie en dié vir Gewasproduksie, die Instituut van Landbouvoorligting en die Skakelkomitee van Vakverenigings te lewer.

Binnehuis het ons die organisasie en struktuur van die Misstofvereniging hersien om groter effektiwiteit aan ons Bestuurskomitee en ons Onderkomitees te gee. Dit is nodig dat die organisasie van elke onderneming na 'n tydverloop hersien word om aan te pas by veranderde omstandighede en om hoër produktiwiteit te bereik.

Nadat ek nou in baie breë trekke die hoofpunte van die jaar se werksaamhede aangestip het, en dit aan u oorlaat om die invloed en die resultate te beoordeel, sou ek graag aan u wou verduidelik dat al hierdie werk uitgevoer word op 'n begroting van R200 000, dat die staf beperk is tot die direkteur, die sekretaris met klerklike bystand, twee bevor-

deringsbeamptes, 'n hoofbeampte en twee vakkundiges vir die weidingsprojek en 'n verdere hoofbeampte en drie beamptes in die navorsingsafdeling.

Aan hierdie totale staf van die direkteur en sy 15-tal personeellede wil ek namens die lede ons dank uitspreek vir hul toegewydheid en ywer, en ek persoonlik wil graag my dank ook uitspreek aan die lede vir die ondersteuning aan hulle Vereniging gedurende die jaar. Met hierdie toestande en omstandighede kan ons met goeie hoop uitsien na groei en bereiking van ons doelwitte.

"Alles sal regkom", sê Jan Brand, "as elkeen sy plig net sal doen".